



Algemene Oueromsendbrief No. 17 van 2020

29 Junie 2020

Geagte Ouers/Voogde Onderwysers en Leerders

Onvermydelik rapporteer ons vanoggend ons eerste direkte Kovid-19-geval by ons skool.

Mev. Santi vd Berg het gister, haar Kovid-19-toetsuitslag ontvang en dis ongelukkig positief. By voorbaat wens ons haar spoedige beterskap toe waar sy tans by die huis in isolasie aansterk. Mev. Van den Berg is reeds vanaf 20 Junie by die huis en was nog nie weer by die skool nie. Sy beleef matige simptome.

Ons het vanoggend die geval aan die Departement van Onderwys gerapporteer en was in kontak met Vivian Emmanuel van die Gesondheidsdepartement.

Ons optrede:

1. Identifiseer mense wat in **noue** kontak met ons opvoeder was. **NB: Noue kontak** word, deur die Gesondheidsdepartement beskryf, as binne dié afstand van 1.5 meter vir meer as 15 minute.
2. Aangesien sy meer as 'n week reeds by die huis is, moet **moontlike** kontakpersone bedag wees op simptome en dadelik die skool laat weet indien hulle simptome toon.
3. Almal by die skool is verlede week reeds drie keer per dag ge-“screen” en sou moontlik nou al simptome kon/moes gewys het en geen potensiële gevalle is aangedui nie.
4. In hierdié geval is self-isolasie van kontakte en skoolsluiting nie nodig nie.
5. Terwyl mev. Van den Berg by die skool was, het sy voldoen aan protokolle en deurlopend beskermende toerusting gedra, soos wat vereis word.

6. Volgens die gesondheidsdepartement is die risiko van oordrag van die virus in hierdie geval besonder laag.
7. Intussen monitor ons steeds elke dag almal se simptome.
8. Alhoewel die lokale waarin mev. Van den Berg werk elke dag gesaniteer is, gaan ons môre dié lokale deur 'n eksterne diensverskaffer laat saniteer – 'n ekstra stap ter beveiliging van die personeel en leerders. (Vandag en môre gebruik ons ander lokale.)

Hierdie is geval nommer een. In ons "nuwe normaal" gaan daar beslis nog gevalle wees.

Ons pleit by almal vir 'n rasonale realisme waar dié hele situasie intellektueel hanteer word en nie emosioneel nie. Ons moet ook besef dat elke situasie uniek is en gepaste optrede gaan vereis.

Ons dink aan juffrou Santi en hoop sy word sommer gou gesond.

Randjiegroete.

P BOOYSEN: Hoof